



TOULEIER



Nog manewales met katte

Laas week het ek gesels oor katte en hoekom ek glo hulle het 'n aksie teen my. Laat ek net weer bevestig, ek het niks teen katte in die algemeen nie, net sekeres.

Ek en kamermaatjie het selfs onlangs nog vir 'n vertrekkende Saner hier uit Doha se katjie gesorg totdat dié 'n tuiste kon kry. Vir die rekord, ek is mal oor my ma se kat Popcom, net solank hulle hul afstand hou. Maar hulle wil nie. Hulle soek weerwraak. Blykbaar oor dinge en dade wat ek en my maats tydens die apartheidsregering teenoor hulle gepleeg het.

Intussen het Oviviparend, 'n maat van my, laat weet dat hulle dalk ook weet van Rosyntjie, die katjie wat ons in die jare sewentig op Stellenbosch gehad het. Gelukkig is dit nie ek wat haar doodgelê het nie, ek was maar net een van die manne van Makkahandjie.

Terug by daardie dag in Stilfontein. Ek kry vir Sheba, ons Dobermann, vasgemaak 'n entjie van waar die katjie nog lê en kriewel. Wat toe gebeur het mag sensitiewe lesers ontstel. Laat ek maar liewer net noem dat die byl stomp was en die gras sag. Die eerste probeerslag was nie suksesvol nie.

So 'n paar maande later haal Annabelle 'n lekker groot skaapboud uit en sit dit voor die effe oop kombuisvenster om dit oornag te laat ontdooi. Later word ek wakker van 'n geluid in die kombuis. Half deur die slaap skakel ek die lig aan. Daar, lekker aan't smul aan die boud, sit Ta. So 'n groot, vet grougrys kat. Hy spring van die toonbank af in die hoekie agter die kas in. Ek gryp na die naaste wapen, 'n besem.

Nou weet ek nie of jy al ooit 'n groot vreemde kat in 'n hoek vasgekeer het nie. Die adrenalien wat mens voel. Die hare wat in jou nek rys. Die koue rilling wat teen jou rug afgly.

Ek mik nog so of ek wil slaan toe storm daai kat. Glo my, kat se kind kan amper twee meter in die lug spring sonder aanloop. Hy glip weer moeiteloos by daardie gleufie in die venster uit. Al wat in die slag bly is my eer, 'n paar stukke skottelgoed wat in die besem se pad was en natuurlik die boud. Een vir die katte, nul vir my.

Nou die dag gaan stap ek vroegoggend om die blok vir oefening. So met die verbygaan by een van daardie groen munisipale vullistrollies wat die wêreld vol staan hier in Doha, spring daar 'n wit kat uit, sommer hier vlak langs my. Skrik my amper buite weste.

Ek kan nogal daardie geluid goed namaak wat 'n kat uiter as jy op sy stert trap. Dit gebruik ek nogal baie effektief wanneer ek hulle wil verwilder. Maak toe ook so en die kat kies hasepad oor die naaste muur. Aan die ander kant van die blok kry ek hom weer. Dié keer sit hy veilig buite bereik op 'n hoë pilaar en staar my stip aan terwyl ons kyke van wedersydse geneëntheid uitruil.

Die volgende aand is dieselfde kat in ons agterplasia. Ek verwilder hom met my katgeluid en hy skarrel rats teen die dreinpyp op en verdwyn oor die muur. Die volgende oggend bel Kamermaatjie my by die werk. Op ons boonste verdieping se balkon het die kat vir ons 'n yslike sagte bollie gelos op ons grasmat. Sy meen dis groter as wat 'n kat behoort te kan los. Iets waarop oorlede Sheba sou trots wees.

Ja nee, die kat kom terug, is terug, sallie langer wag.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Onse aarde!

Die Amasone reënwoud verskaf meer as 20% van die aarde se suurstof. Die Amasone rivier stoot so baie water in die Atlantiese Oseaan dat jy tot 140 kilometer van sy mond af nog vars water in die see kry. Die rivier se totale volume water is meer as die volgende agt grootste riviere in die wêreld.

Ander sêgoed

- ♦ Hangskouers soos 'n kasteroliebottel.
- ♦ Die toppunt van vernuf is om 'n ossewa op 'n teerpad te laat spin.
- ♦ Hy is so lelik, die honde tjank as hulle hom sien.

POLITICI

- ♦ Politici is oral dieselfde. Hulle sal belowe om 'n brug te bou selfs al is daar nie eens 'n rivier nie.
~ Nikita Chroestsjof, Russiese premier.
- ♦ Toe ek nog klein was het hulle my vertel enige iemand kan president word. Ek begin dit nou glo.
~ Aangehaal uit 'Clarence Darrow for the Defense' deur Irving Stone.
- ♦ Politici is mense wat, sodra hulle die lig aan die einde van die tunnel begin sien, nog 'n tunnel aankoop.
~ John Quinton, Amerikaanse akteur en skrywer.
- ♦ Politiek is die kuns om stemme van die armes te kry en fondse van die rykes deur albei te belowe om hulle teen mekaar te beskerm.
~ Oscar Ameringer, "Die Mark Twain van Amerikaanse Sosialisme."



OKSIMORONE

Presiese skatting
Klein skare
Enigste keuse
Oorspronklike kopie
Militêre intelligensie

Die herkoms van ons gesegdes (21)

Lont: Lont ruik (agterdochtig word; onraad vermoed)

Dit kom van die dae van die pangewere toe daar nog nie slagdoppies was nie en die kruit met 'n lont aan die brand gestee is. Die wagte het in die nag 'n stuk lont aangesteek sodat hulle nie tyd hoef te mors as die vyand aanval nie: daar was klaar 'n vonk wat in die kruitpan kon val. Volgens een oorlewering het die nader sluipende soldate in die donker geweet dat hulle die wagte nader as hulle die lont kon ruik. Die ander verklaring is dat die soldate in 'n vesting geweet het dat daar gevaar dreig as hulle hul eie lonte ruik.

Lotjie: Van lotjie getik wees (nie heeltemal by jou verstand wees nie)

Die oorsprong is onseker; Nederlandse bronne spekuleer dat dit beteken om 'n klap van 'n deel van die kruismas op 'n driemaster teen jou kop te kry – in Nederlands die lorretjie, dus van lorretjie (ingekort as lotjie) getik wees. 'n Ander moontlike verklaring hou verband met die naam vir 'n mak papegaaï, Lori. In Nederlands is daar 'n uitdrukking van lorretjie gepikt zijn wat beteken "nie reg in jou kop wees nie". In Afrikaans is gepikt moontlik as getik oorlewer.

Louere: Op jou louere rus (nie verder lof probeer inoes nadat 'n mens deur eie inspanning iets bereik het nie)

'n Louerkrans of erepalm was 'n teken van oorwinning; 'n seëvierende generaal sou so bekroon word. Om daarop te rus, was dus om niks verder na te streef nie.

HOWE

WANORDE IN DIE

Hierdie is uittreksels uit 'n boek getiteld "Wanorde in die Amerikaanse Howe". spesiale melding word gemaak van die arme stenograwe wat dit woord vir woord moes oortik sonder om uit te bars van die lag.

Prokureur: "En wat was jou man se eerste woorde aan jou daardie oggend?"

Ooggetuie: "Hy het gesê: 'Waar is ek, Anna?' "

Prokureur: "En hoekom het dit jou ontstel?"

Ooggetuie: "Want my naam is Susan!"

Prokureur: "Die jongste seun, die 20-jarige, hoe oud is hy?"

Ooggetuie: "Twintig, omtrent soos jou IK."

Prokureur: "Was jy by toe die foto van jou geneem is?"

Ooggetuie: "Jy speel!"

Prokureur: "So die datum van bevrugting was die 8ste Augustus?"

Ooggetuie: "Ja."

Prokureur: "En waarmee was julle besig ten tye hiervan?"

Ooggetuie: "Hmmmmmm.."

Prokureur: "Hoe was jou eerste huwelik beëindig?"

Ooggetuie: "Deur die dood."

Prokureur: "Wie se dood?"

Ooggetuie: "Vat 'n wilde raai."

Prokureur: "Kan jy die persoon beskryf?"

Ooggetuie: "Hy was medium gebou met 'n baard."

Prokureur: "Manlik of vroulik?"

Ooggetuie: "Tensy die sirkus in die dorp was, sal ek volstaan by manlik."

Prokureur: "Dokter, hoeveel van jou lykskouings het jy op dooie mense uitgevoer?"

Ooggetuie: "Almal. Die lewendiges sit te veel van 'n geveg op."

Prokureur: "Onthou jy die tyd van die lykskouing?"

Ooggetuie: "Dit het 08:30 begin."

Prokureur: "En meneer Denton was klaar dood?"

Ooggetuie: "Indien nie, was hy definitief teen die tyd dat ek klaargemaak het."

Prokureur: "Dokter, voordat u die lykskouing gehou het, het u die polsslag nagegaan?"

Ooggetuie: "Nee."

Prokureur: "Het jy die bloeddruk getoets?"

Ooggetuie: "Nee."

Prokureur: "Het jy gekyk vir asemhaling?"

Ooggetuie: "Nee."

Prokureur: "So, dan is dit moontlik dat die pasiënt steeds lewend kon wees?"

Ooggetuie: "Nee."

Prokureur: "Hoe kan u so seker wees, Dokter?"

Ooggetuie: "Omdat sy brein in 'n fles op my tafel was."

Prokureur: "Ek sien, maar kan dit nie tog moontlik wees dat hy steeds lewendig was nie?"

Ooggetuie: "Ja, dis moontlik dat hy kon lewe en steeds as prokureur praktiseer."

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



WASDAG

GATIEP EN MERAAI

Gatiep en Meraai gaan eet saam met twee ander paartjies ontbyt om hul troudag te vier.

Die eerste paartjie se man sê vir sy vrou: "Pass me the sugar, my Sugarplum."

Die tweede paartjie se man sê vir sy vrou; Please pass me the butter, my Buttercup.

Ou Gatiep dink nou hoe gaan hy vir Meraai vra. Hy sê toe:

"Meraai, pass asseblief vir my die bacon, djou Vark!"

SLEGTE SPELLER

Koos skryf 'n brief aan sy seun op universiteit.

"Dankie vir jou brief van laasweek. Ek stuur graag vir jou die R100 wat jy gevra het. Jy moet egter meer aandag skenk aan jou spelling. Onthou, honderd word met twee nulle gespel, nie met drie nie ..."

G'N KAT SE KANS

Regter: "Meneer, ek het die skeisaak deglik oorweeg en ek het besluit om jou vrou R780 per week te gee."

Man: "Haai, dis baie gaaf, u Edele. En van my kant af sal ek ook probeer om so dan en wan ietsie by te sit."

STORMLOOP

Ek was mos nou die dag by 'n troue toe die seremonie meester aan al die getroude mans sê om by die persoon te gaan staan wat hulle lewens die moeite werd maak.

In die groot geskarrel wat geolg het, het hulle het amper die arme kroegman doodgetrap!

OORLOG

Dis oorlog en 'n man en sy vrou hardloop by die huis uit.

Vrou: "Wag, my valstande is nog daar binne!"

Man: "Bogger die tanne, hulle gooi bomme, nie toebroodjies nie!"

SWAKKER DIENS

'n Stadsjapie boek by 'n klein plattelandse hotel in en vra vir kamerdiens.

"Vir ontbyt wil ek twee eiers hê wat so hard gekook is dat hulle soos rubber is, twee snye brood wat swart gerooster is en swart koffie wat soos vuil modder smaak."

"Ek is jammer," sê die ontstelde ontvangsdame. "Ons bedien nie sulke goed hier nie."

"Ek kon dit laas keer kry toe ek hier was. Het julle diens dan agteruit gegaan?" snou die gas haar toe.

'n Platoniese vriendskap met 'n vrou is soos om 'n hoender te hê. Een of ander tyd gaan dit geëet word.

RIEME DUN SNY

Die blondine koop drie swangerskapstoetse en al drie wys positief.

Sy vee die trane af en sê:

"Jissie, ek weet nie hoe ek vir 'n drieling gaan sorg nie!"

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



WIE ONTHOU NOG DIE SAGE VAN WitGatWortelFontein

Hier is hy – vir almal wat hom
nog nooit gehoor het nie of wat
hom al vergeet het.



Die dorpie waarin ek gebore is het naby 'n vulkaniese berg gestaan en die grondformasie was sodanig dat 'n mens nie daarop kon bou nie, want die huise het inmeekaargestort.

Die mense het dus sommer in gate gewoon. As 'n kind een jaar oud was het sy ouers hom geleer om 'n gat te grawe en so het elke inwoner sy eie gat gehad. Die **Burgemeester** het 'n groot gat gehad.

Die **Stadsklerk** het altyd in die Burgemeester se gat gekruip totdat hy eendag uitgevang is en hulle gou sy eie gat toegesteek en hom die dorp verbied het.

Dit het altyd gelyk of die son uit die **Kunstenaar** se gat skyn, aangesien sy gat met spieëls uitgelê was.

Die **Assuransie-agent** het baie rondgereis en het slegs een keer per week sy gat gesien.

Die **Dokter** se gat was groot en hy het 'n groot verband op sy gat gehad aangesien hy ryk was.

Die **Volksraads lid** het teen die hang van die vulkaan gewoon waar die wind altyd gewaai het. Sy naam was dus windgat.

Die **Onderwyseressie** het 'n pikante gat gehad en die mans van die dorpie het dit vreeslik bewonder.

Die **Predikant** moes baie hard werk om sy gat skoon en netjies te hou, want die gemeente het nie van 'n predikant met 'n vuil gat gehou nie.

Die **Bankbestuurder** het daar eenkant in die harde grond gewoon en is dus sommer ou Hardegat gedoop.

Die **Brandweerman** moes net altyd keer dat die ander mense se gate nie brand nie, maar toe brand sy eie gat eendag uit.

Die **Bakker** wat sy bakkerie eenkant in sy gat gehad het, is sommer ou Bakgat genoem.

Eendag het 'n bottel brandewyn in die **Kroegman** se gat gebreek, toe was almal daar om te help om sy gat blink te lek aangesien brandewyn skaars was in die dorpie.

Die dorpie het ophou bestaan na een groot vulkaniese uitbarsting. Al die inwoners het lelik gat skoongemaak, maar nie een kon bybly om sy eie gat te red nie en so het die dorpie sy gat gesien.

Wanneer alles dieselfde bly

Barbara Walters, 'n Amerikaanse TV-joernalis, het jare voor die destydse Afgaanse konflik berig oor geslagsrolle in Kaboel, Afganistan.

Sy het opgemerk vroue daar loop so vyf tree agter hul mans. Sy is later na Kaboel terug en merk toe op die vroue loop steeds agter die man. Ondanks die omverwerping van die Taliban-regime het dit gelyk of die vroue met die ou gebruik volhou en tevrede is.

Walters vra toe een van die vroue: "Hekom lyk dit of julle tevrede is met 'n vroeëre ou gebruik wat julle so graag wou verander het?"

Die vrou het Walters in die oë gekyk en gesê: "Landmyne."

Baie ongemaklik

Twee ouens sit en gesels. Die een ou sê: "Ek kan nie wag om by die huis te kom en my vrou se G-string af te ruk nie."

Ander ou: "Is jou vrou na al die jare nog steeds vir jou so onweerstaanbaar?"
Eerste ou: "Nee man, ek dra hom, maar die ding skaaf my!"

Uit die wakis

Stories vir die vaak



Voltooi die sin. Die beste inskrywing wen R100 wat by kalahari.com bestee kan word.

Hoe om 'n VROU te plesier

Wees lief vir haar

Neem haar uit vir ete

Loop die wedstryd mis ter wille van haar

Koop vir haar iets moois

Luister na wat sy sê



Hoe om 'n MAN te plesier

**Daag kaal op
Bring bier saam**

MANS is net gelukkiger mense

Drie paar skoene is meer as genoeg.

Jy kan nie die plooi in jou klere sien nie.

Alles in jou gesig behou dieselfde kleur.

Dieselfde haarstyl pas jou jare en selfs dekades lank.

Jy hoef net jou gesig en jou nek te skeer.

Jy kan jou lewe lank met speelgoed speel.

Een beursie en een paar skoene – dieselfde kleur vir al die seisoene.

Jy kan kortbroeke dra, maak nie saak hoe jou bene lyk nie.

Jy kan jou naels met 'n sakmessie versorg.

Jy kan self besluit of jy 'n snor wil groei.

Jy doen jou Kersinkope vir 25 familieledede in 25 minute.

BYNAME

As Amanda, Susan en Adele vir ete uitgaan, noem hulle mekaar Amanda, Susan en Adele.

As Mike, Gerhard en Johan vir ete uitgaan, noem hulle mekaar Vettes, Biebap en Lappe.



SERGIO SE TOETS

My toekomstige skoonsuster was 22, het stywe minirokkies gedra en meestal braloes rondgehoop. Sy het daarvan gehou om laag te buk wanneersy naby my was, en ek het altyd 'n mooi kykie ingekry. Sy het dit net met my gedoen, met niemand anders nie.

Eendag roep sy my nader. "Sodat ons na my suster se troukaartjies kan kyk," het sy gesê.

Sy was alleen toe ek opdaag. Sy het gefluister dat sy gevoelens het, dat sy net een keer by my wil slaap voordat ek met haar suster trou.

"Voordat jy jou lewe aan my suster wy," het sy gesê.

Ek was in skok en kon nie 'n woord uitkry nie.

"Ek gaan boontoe, na my kamer toe," het sy gesê. "As jy een laaste los gelukkie wil hê, kan jy boontoe kom."

Ek was so geskok en haar agtema gestaar toe sy die trappe met haar kort rokkie klim.

Ek het nog 'n oomblik vertoef, die voordeur oopgeruk en na my motor toe gestorm.

En wat wag daar op die stoep vir my? Die res van my toekomstige familie, besig om hande te klap! My toekomstige skoonpa het trane in sy oë gehad en my omhels.

"Sergio," het hy gesê, "ons is verheug dat jy die toets geslaag het. Ons kan nie aan 'n beter man vir ons dogter dink nie. Welkom in die familie, my seun."

En die storie se les is:

Hou altyd jou kondome in jou motor.

So 'n klein kakkerlak



'n Besoek aan die hospitaal was al uitweg nadat 'n kakkerlak in 'n inwoner van Darwin se oor ingekruip het en hy dit nie met 'n stofsuiersuig kon uitsuig nie. Hendrik Helmer het met 'n skerp pyn in sy regteroor wakker geword.

Hy het die gogga met 'n stofsuiersuig probeer uitsuig en toe water in sy oor gespuut. Sy vriend het hom in erge pyn hospitaal toe geneem en die dokter het olie ingespuut, wat die gogga net dieper laat neskop het.

Die dokter het toe die kakkerlak van 20 mm met 'n tangetjie uitgetrek.

Van Helmer se vriende gaan glo nou met oorfone slaap.



Die rabbi wil loop

Die rabbi het by die oggenddiens aangekondig dat hy na 'n groter gemeente gaan wat meer betaal. 'n Roese moes stemme het opgegaan. Niemand wou hom sien gaan nie, want hy was baie gewild.

Fred Shapiro, wat verskeie besighede wat karre verkoop besit, staan toe op.

"As die rabbi bly, sal ek elke jaar vir hom 'n nuwe Cadillac gee en vir sy vrou 'n kombi om die kinders mee te vervoer!" bied hy aan.

Applous.

Saul Cohen, suksesvolle sakeman en regsgeleerde: "As die rabbi bly, sal ek sy salaris verdubbel en sy kinders deur kollege sit!"

Nog applous.

Estelle Rubin (82) staan toe op en sê: "As die rabbi bly, sal ek hom seks gee!"

Doodse stilte.

Die rabbi bloos bloedrooi. "Mev. Rubin, jy is 'n wonderlike vrou met 'n hoë moraal. Wat laat jou so iets sê?" vra hy.

Estelle se 90-jarige eggenoot, Abe, probeer nou wegkruip en hou sy voorkop met albei hande vas en skud sy kop heen en weer, terwyl sy vrou antwoord:

"Wel," sê sy, "ek het vir Abe gevra wat ons die rabbi kan aanbied sodat hy bly, en toe sê Abe net 'Fok hom!'"

STAMBOOM

Help ons familiespeurders

BRAND mhbsenior@iburst.co.za

Michiel Hendrik Brand. Ek is op soek na my familie Brands se geskiedenis/familie stamboom. Is besig om laasgenoemde op te stel, en sal ook graag ander familie wil kontak, as dit moontlik is?

DE VRIES thysdevries@gmail.com

Matthys Andreas "Thys" de Vries. Gebore, 22 Aug 1944 te Koelenhof dist. Stellenbosch. Ek is tans besig om 'n De Vries Stamboom op te stel. De Vriese kontak my asseblief by thysdevries@gmail.com

FLOO linxrsa@gmail.com

My ouma Barendina Terblanche (nooiensvan) se moeder was Floo (weet nie voornamme nie). In die omgewing van laat 1800's vroeë 1900's. Gebore in omgewing van Knysna.

HELBERG joggiehelberg@gmail.com

Ek weet my voorvader wat die land ingekom het was Adam Hendrik Helberg, (iewers in die 1700's), waarvandaar weet ek nie. Later woonagtig in die Waterberg distrik.(Nylstroom). Was getroud met Jacoba Magdalena Snyders.(omtrek 1851) Een van hulle kinders was Jochemus Johannes Helberg.

MALAN lindamans345@yahoo.com

Wil graag meer weet van Generaal Wynand Charl Malan, gebore 1872 en Oorlede in 1953, se lewensgeskiedenis na die ABO.

[Kammanuus - kyk hier:

<https://www.google.co.za/#q=Generaal+Wynand+Charl+Malan>]

NEL koosliesie@vodamail.co.za

My naam is Jacobus Hercules Nel (noemnaam Koos) van Rustenburg, Noordwes Provinsie. Ek is tans besig met die familie geskiedenis van die Nel's van Groot Marico. Ek is opsoek na my oupa en oumagrootjies se grafte, hulle is iewers op die plaas Koedoesfontein begrawe. Is daar iemand wat my kan help met my oupa en oumagrootjie van Groot Marico. Die name is Jacobus Hercules Nel gebore ongeveer tussen 1825 en 1836 oorlede na 1872 iewers. Oumagrootjie was Susara Jacoba, ('n nooi Snyman), gebore tussen 1830 en 1845, oorlede na 1872. Oupa groot is Jacobus Hercules Nel geskatte datums geb.1830 oorlede 1990-1910.Ek is tans besig met die Nels van Marico se familieregister.

Voor jy trou:
Laat die
persoon eers
'n rekenaar
met baie
stadige
internet
gebruik sodat
jy sy of haar se
ware kleure
kan sien.



Blondie op vorm

Die blondine gaan
koöperasie toe om
raad te vra oor 'n
molplaag in haar tuin.
Die verkoopsman gee
haar gif en sê:
"Druk dit in die mol se
gat, en jou probleme
sal opgelos wees."
Die blondine dink so 'n
rukkie en vra dan:
"Dink jy die mol sal
stil sit?"
(Marnus Hattingh)

Galgehumor oor Land Rovers

V: Wat is die verskil tussen draadkarre en Land Rovers?

A: Draadkarre lek nie olie nie.

V: Hoekom bou Land Rover nie rekenaars nie?

A: Hulle weet nie hoe om rekenaars met 'n olielek te maak nie.

V: Wat is altyd deel van 'n Land Rover se eienaarshandleiding?

A: Die skedule van busse en treine en 'n selfoonlys van taxi's.

V: Hoekom is Land Rovers se olieverbui die laagste van viertreke?

A: Omdat hulle so dikwels op sleptou geneem moet word.



AGTEROS

Net voor uitspantyd



“ Ná 50 jaar weet ek steeds nie waar 'elders' is nie.

Deur JOHAN VAN WYK

Dis nie juis 'n wetenskaplike benadering nie, maar die weer van die laaste tyd het dit opnuut bevestig – die ou mense was reg toe hulle tyd en dae vas geglo het die weer van die eerste 12 dae van 'n jaar is 'n aanduiding van hoe elke maand van daardie jaar gaan verloop: 1 Januarie wys hoe die hele Januarie gaan lyk, 2 Januarie wys Februarie se weer, en so aan.

Terwyl ek hier skryf (11 Januarie), dryf 'n sterk suidoos 'n wolkbank oor die Sir Lowryspas. Dis in die kol. November is mos 'n winderige maand in die Kaap. Ook die oorstromings in die Karoo, Klein-Karoo, Overberg en Suid-Kaap het dit bevestig.

Die Buffelsrivier het Laingsburg op 8 Januarie (Augustus, die wintermaand met normaalweg buitengewoon hoë reënval) weer getref. In die voorafgaande eerste dae van die jaar is onderskeidelik 'n hittegolf (Januarie en Februarie) en daarna wonderlike, koeler herfswaar (Maart en April) beleef – soos in Keats se "Ode to Autumn":

*Season of mists and mellow fruitfulness, close bosom
friend of the maturing sun...*

En toe skielike koue soos in die wintermaande – Mei, Junie, Julie – te wagte kan wees. Sodanig dat die donskomers op 4 Januarie (Mei) uitgehaal is nadat ek nog tot 3 Januarie net onder 'n laken geslaap het: *Die twee swenk, die takke swaai, dit is die winterwind wat wai...* (Jan F.E. Celliers).

Ek sit my geld dus van nou af op die ou mense se geloof van die eerste 12 dae en nie meer in die "SA Weather Service" ("elders mooiweer en warm") nie. Ná 50 jaar weet ek steeds nie waar "elders" is nie.

Soos aan die Bybel en Vicks glo ek onwrikbaar aan die outydse "weerhuisies" met 'n staandakkie, 'n skoorsteentjie en 'n figuurtjies van 'n mannetjie en 'n vroultjie aan die binnekant. Soos muur- en Switserse koekoekhorlosies het dit in die oue dae langs 'n *hall stand* met hoede, kieries en swepe in die gang van baie wonings in die land gehang.

As die mannetjie uit was, was dit 'n teken van onweer. Die vroultjie het mooiweer beteken. 'n Stukkie gedroogde derm (glo van 'n kat) gekoppel aan 'n roterende wiggie waarop die twee poppies gestaan het, was die geheim. Dit het om die beurt op klam en op droë lug reageer. Wanneer klam lug dit gerek het, het die mannetjie uitgekóm; en wanneer droë lug dit laat krimp het, die vroultjie. Wanneer dit op Calvinia droog geword het, het my pa soggens liggies aan die mannetjie, diep in die huisie, getik om te kyk of hy nie wil uitkom nie en dan my ma se aantekeninge oor die eerste 12 dae van die jaar se weer bestudeer. Wanneer die mannetjie uitgekóm het, het die Renosterrivier se bruin vloedwaters kort daarna fyn stoffies en opdrifels voor hom in sy droë loop opgeskop en saaidamme vol gestoot.

♦Met erkenning aan die skrywer en Die Burger se rubriek Van Alle Kante. Johan van Wyk woon in Somerset-Wes.

KAMMANUUS verskyn weer op 9 FEBRUARIE